LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 8/2021 13 Mei 2021

Beste Ouers

PRESTIGE VEILING – 2021/WOES AANLYN-PLATFORM

Die Durbie Aksie 2021-Fondsinsamelingskomitee bied met trots die Prestige Veiling vir die 21ste keer aan. Hierdie fondsinsamelingsprojek was 'n fenominale sukses die afgelope 20 jaar. Die Durbie Aksie-komitee is ouers wat glo dat deur betrokke te wees by die skool, 'n langtermyn belegging in ons kinders se leer- en sportomgewing gemaak word. Dit is entoesiastiese Durbie-ouers wat graag help bou aan Durbieland se infrastruktuur en beeld.

Laerskool Durbanville se projekte waarvoor ons die fondse sal aanwend:

Die fondse wat in 2021 deur die Durbie Aksie-komitee ingesamel word, in samewerking met die begroting wat deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal as volg aangewend word:

- Die voltooiing van die skool se omheining om die veiligheid van ons leerders te verseker.
- Die handhawing van hoë standaarde en dienslewering in die lig van 'n moeilike finansiële jaar weens die Covid-pandemie.

PRESTIGE VEILING INLIGTING

Datum	Vrydag, 2 Julie 2021
Plek	Eensgezind Onthaalplaas
Tyd	18:00 vir 18:30
Drag	Semi-formeel
Koste	R450 per persoon, beskikbaar by Anna Gladys Neethling: 082 923 7296 (agneethling@gmail.com) KOM VOOR IN ELEKTRONIESE FORMAAT OF PER E-POS.
Ete	'n Tweegangmaaltyd word voorgesit. Wit- en rooiwyn is op die tafel beskikbaar en verwelkomingsdrankies word met aankoms bedien.
Kroeg	Kontant
Vermaak/Afslaer/MC	PG Engelbrecht en WOES Aanlyn-platform met gaskunstenaars.
Betalingsmetode vir kaartjie	Laerskool Durbanville, ABSA, Tjekrek no. 1410670115, **VERWYSING, VEILING VOORLETTERS EN VAN**. Stuur bewys van betaling aan Elizna Smit by payments@durbieland.com Sodra die bewys ontvang is, ontvang die gas: - sy elektroniese kaartjie; - 'n registrasievorm wat voltooi en terug gestuur moet word. Gaste ontvang 'n week voor die veiling inligting rakende die veiling en beskrywings van die lotte.

Lotte op die aand	EFT-betalings asook kredietkaartfasiliteite sal op die aand beskikbaar wees.
Sperdatum	Kaartjie-aankope voor die 15de Junie 2021. **Daar is plek vir slegs 180 gaste.**
Kontakpersoon	Anna Gladys Neethling: 082 923 7296 (agneethling@gmail.com)

Ons het die vrymoedigheid om 'n beroep op die gemeenskap te doen om ons op een of ander wyse te ondersteun, soos aangedui op die aangehegte antwoordstrokie. Enige groot borge of skenkings wat ontvang word, sal voorkeur op ons elektroniese katalogus tydens die veiling kry, sowel as bemarking op ons groot aand. Die katalogus sal een week voor die funksie aan elke gas persoonlik gestuur word, sowel as op die D6, Face Book en die WOES aanlyn-platvorm geplaas word. WOES BIED GELEENTHEID VIR 20 BORGE OM OP DIE AANLYN-PLATVORM TE ADVERTEER WAT SOWAT 20000 tot 40000 KYKERS BEREIK TEEN 'N KOSTE VAN R2500. Kykers kry die geleentheid om interaktief deel te neem aan die regstreekse veiling uitsending in die gerief van hul eie huis.

Sodra 'n kaartjie vir die funksie aangekoop word, sal daar 'n elektroniese kaartjie gestuur word met 'n skakel vir registrasie om die aand te kan bie.

Ons het 20 interessante lotte van 'n baie hoë gehalte. Ons sal vanaf die 15de Junie 2021 op ons verskillende klasgroepe die lotte in 'n verkorte weergawe adverteer. Woes gaan ses baie groot LOTTE op die aanlyn platform opveil.

Ouers kan help met die volgende items:

1. Wegbreek-naweek
2. Jagpakette
3. Hotelverblyf met ontbyt ingesluit
4. Enige ander skenkings of donasies om 'n bydrae te maak vir ons gaskunstenaars en lotte wat aangekoop moet word.
5. Eksklusiewe wyne wat moeilik in die winkels verkrygbaar is. (Iets wat regtig uniek en spesiaal is.) Ons wil vanjaar graag fokus op interessante wyne waarvoor gaste bereid sal wees om meer voor te betaal, bv. Magnums 2018, en De Grendel, nie net wyne uit ons direkte area nie.
6. Bootritte en visvangpakette
7. Vakansieverblyf
8. Reistasse
9. Selfone en geskenkbewyse
10. 2 skape opgesny vir lotings

Vul asseblief die aangehegte antwoordstrokies in en stuur dit voor/op **1 Junie 2021** terug aan mev. Tina Koegelenberg. Vir enige navrae skakel asseblief met Anna Gladys Neethling 0829237296 of agneethling@gmail.com

Durbie-groete

Anna Gladys Neethling
KOÖRDINEERDER

(Mev.) T. Koegelenberg
BEMARKING

P. du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD

ONS DURBIE AKSIE SAL DIT WAARDEER AS ONS ENIGE HULP EN ONDERSTEUNING VAN ONS OUERS ONTVANG:

Naam en Van _____

Item en beskrywing _____

_____

Kontant donasie _____

Selfoonnommer _____

E-posadres _____

BORGSKAP VIR WOES AANLYN-REGISTRASIE

Naam van Maatskappy _____

Kontaknommer _____

E-posadres _____